Dieper wandel 4. 23/1/23

Die Verskrikking van Ongeloof. – Elizabeth Jordaan

(Ek vra om verskoning vir die lang boodskap, dit is onmoontlik om dit korter te skryf. Ek praat nog nie in die boodskap oor die Hebreeuse Naam Elohim nie)

In ons geloofspad met God is daar EEN basiese vereiste waarsonder dit onmoontlik is om God te ken. En dit is, ons moet GLO DAT GOD BESTAAN. Die erkenning dat God die Skepper van die hemel en aarde is, is die eerste plek waar ons geloof staan of val.

- "Omdat ons GLO, WEET ONS DAT DIE WÊRELD DEUR DIE WOORD VAN GOD GESKEP is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie." (Heb.11:3)
- En sonder geloof is dit ONMOONTLIK OM GOD TE BEHAAG; want hy wat tot God gaan, MOET GLO DAT HY IS (bestaan) en 'n beloner is van die wat Hom soek." (Heb.11:6)

Ons as mense wil altyd hê God moet ons beloon. Beloning kom egter nie net deur te glo dat God bestaan nie, ons moet Hom soek. Baie mense glo dat daar 'n God is, maar hulle eer Hom nie. Duiwels glo ook… "Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en HULLE SIDDER VAN ANGS." (Jak.2:19)

Paulus het mense se ongeloof in God so opgesom:

- "Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, omdat, al weet hulle van God, HULLE HOM NIE AS GOD EER EN DANK NIE. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hul liggame onder mekaar onteer. Dit is hulle wat DIE WAARHEID VAN GOD VERRUIL VIR DIE LEUEN. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen." (Rom.1:20-25)

Mense is gou om enige wetenskaplike studie of waarnemings van die ontstaan van die heelal, die aarde en die mens, te maklik glo, sonder om God daaroor te raadpleeg. Die rede hiervoor is dat Satan al sedert die Tuin van Eden mense verlei om God en Sy Woord in twyfel te trek. Sy hoof doelwit is om mense se harte en gedagtes met ongeloof te vul. En wanneer mense ongelowig geraak het, gebeur Romeine 1:20-32 met hulle. Daar is vele skrifte in die Bybel waar God self oor Sy skepping praat. Alles hang daarvan af of jy glo dat God bestaan, dat Hy 'n Persoon is wat kan praat, hoor en sien, en of jy Hom eer as die Skepper.

Die afvalligheid van ongeloof het reeds in die lewe van Kain, Adam se eersgeborene seun ingetree. Hy het wel 'n offer gebring maar hy het God nie erken en geëer nie. Die gevolg was dat hy sy broer Abel vermoor het omdat God Abel beloon het vir sy geloof maar nie vir Kain nie.

- "Moenie soos Kain wees nie. HY HET AAN DIE BOSE BEHOORT en het sy broer vermoor. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy eie dade sleg was en sy broer s'n reg." (1Joh.3:12)
- "Omdat Abel GEGLO HET, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se GELOOF het hy VAN GOD BEVESTIGING ONTVANG dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood." (Heb.11:4)

Genesis 4 registreer 6 generasies in Kain se nageslag. Onder sy nageslag was daar nomades (Jabal) en musikante (Jubal). Daar was ook gewelddadigheid, moordsug en wraak (Lameg). Dit is heel moontlik dat Kain se nageslag deel gehad het in die algehele verval van die mense voor die sondvloed. Daar word nooit na sy afstammelinge as gelowiges verwys nie.

Genesis 5 registreer 8 generasies in die nageslag van Set, Adam se derde seun. Mense het eers na die geboorte van Set se seun, Enos, begin om God aan te roep (aanbid). (Gen.4:26)

In Genesis 5 vind 'n mens die volgende:

- Adam was 130 jaar oud toe Set gebore is.
- Adam was 235 jaar oud toe Enos gebore is en mense begin het om die Naam van die Here aan te roep.
- Adam was 325 jaar oud toe Kenan gebore is.
- Adam was 395 jaar oud toe Mahalalel gebore is.
- Adam was 460 jaar oud toe Jered gebore is.
- Adam was 622 jaar oud toe Henog gebore is (7de generasie na Adam).
- Adam was 687 jaar oud toe Metusalag gebore is.
- Adam was 874 jaar oud toe Lameg gebore is.
- Adam het gesterf toe Lameg 56 jaar oud was, 726 jaar voor die sondvloed. Al die mense wat op hierdie stadium gelewe het, het vir Adam geken en beslis die gebeure tydens die Skepping en die Tuin van Eden by hom gehoor. Hulle het dus nie 'n verskoning gehad om in ongeloof te verval nie. Dit was hulle eie keuse om vir of teen God as Skepper te kies.
- 57 jaar na Adam se dood is Henog in die hemel opgeneem, in die jaartal 987.
- Set, Enos, Kenan, Mahalalel, Jered, Metusalag en Lameg het nog gelewe toe Henog in die hemel opgeneem is. Hulle het dus almal vir Henog geken.
- Noag is gebore 14 jaar nadat Henog in die hemel opgeneem is, in die jaartal 1056. Adam en Set het nie meer geleef toe Noag gebore is nie.
- Lameg het 5 jaar voor die sondvloed gesterf.
- Metusalag het in die jaar van die sondvloed gesterf.
- Noag was 600 jaar oud toe die sondvloed gekom het. Alle mense, behalwe Noag, sy vrou, sy 3 seuns en hul vrouens, het in die sondvloed gesterf.

- Volgens Bybelkenners het beide Noag en Shem nog geleef toe die Toring van Babel gebou is en selfs in die tyd van Abram. Dit is baie waarskynlik dat beide Noag en Shem na die sondvloed oor hulle ervaring daarvan gepraat het, en Noag vertel het hoe God hom gewaarsku het en opdrag gegee het om die Ark te bou. Die geslagte na die sondvloed het dus ook nie 'n verskoning gehad om in ongeloof te verval nie. Dit was hulle eie keuse om afgode te aanbid en nie die Skepper van die hemel en die aarde nie.

Behalwe die getuienis oor Abel, word nog 2 mense in die nageslag van Adam wat voor die sondvloed geleef het, uitgesonder: Henog en Noag.

Henog was die eerste persoon op aarde wat nie gesterf het nie en lewendig in die hemel opgeneem is. (Die tweede was Elia). Die besondere getuienis oor hom was dat hy MET GOD GEWANDEL HET. Judas (Jesus se half-broer) waarsku gelowiges in sy Brief dat hulle moet WAAK OOR HULLE GELOOF omdat sekere ongoddelike mense insluip het, wat net soos mense uit die voortyd die genade van God verag het, ook vir God en vir Jesus Christus ontken, en soortgelyk aan die gevalle engele en die inwoners van Sodom en Gomora smag na vreemde vlees (seksuele

perversie). Judas waarsku dat hulle soos Kain in ongeloof kan verval, en waarsku dat selfs Henog teen sulke mense geprofeteer het (Jud.1:14).

In die boek Hebreërs vind ons die inskrywing van Henog se geloof.

- "Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang DAT HY GOD BEHAAG HET." (Heb.11:5)

Net na die getuienis oor Henog se geloof is lees ons in Heb.11:6

- "En SONDER GELOOF is dit ONMOONTLIK OM GOD TE BEHAAG; want hy wat tot God gaan, MOET GLO DAT HY IS (bestaan) en 'n beloner is van die wat Hom soek." (Heb.11:6)

In die volgende vers, Heb.11:7 lees ons dié getuienis oor Noag

- "Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie (die Vloed), met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, WAARDEUR HY DIE WÊRELD VEROORDEEL HET en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is." (Heb.11:7)

Ons lees ook dié getuienis oor Noag in Genesis 6:

- "Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was 'n REGVERDIGE, opregte (onberispelike) man onder sy tydgenote. Noag het MET GOD GEWANDEL." (Gen.6:9)

Jesus getuig oor die sondvloed van Noag en hoe dit was voor die tyd. Mense het gewoon voortgegaan met hulle lewens sonder om ag te gee op waarskuwing wat God aan Noag gegee het:

- "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het." (Luk.17:26-27)

Verder getuig Petrus ook dat God met baie geduld GEWAG HET dat mense hulle bekeer van hulle ongeloof, voordat Hy uiteindelik die sondvloed gestuur het:

- "…toe die lankmoedigheid van GOD EEN MAAL GEWAG HET in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is…" (1 Pet.3:20)
- "en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het;" (2 Pet.2:5)

As ons hierdie geskiedenis en getuienisse lees moet ons oortuig word hoe verskriklik ernstig God daaroor voel dat mense Hom moet ken en eer, eerstens as Skepper van die hemel en aarde. Hy was bekend as Skepper tydens en na die skepping, in die 1656 jaar totdat die sondvloed gebeur het, en daarna tot in ons tyd. Dit is Sy intense begeerte dat mense Hom weer sal ken. Daarom het Hy Sy Seun gestuur, en daarom het Hy ook die Heilige Gees gestuur. Die eerste werk van die Heilige Gees, nog voor iemand gered is en in Jesus kan glo, is om mense in die hele wêreld daarvan te oortuig dat Hy IS (BESTAAN), en dat Jesus deur Hom gestuur is as ons Verlosser (Messias):

- "as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, OMDAT HULLE IN MY NIE GLO NIE;" (Joh.16:8-9)

Gebed: Wil jy nie nadat jy hierdie boodskap gelees het, op jou knieë gaan en jou geloof in God as Skepper bely, en in Jesus Christus as Sy Seun. As jy dit nog nooit gedoen het nie, is dit nou jou kans. Lees Genesis 1 en Openbaring 4 en buig dan saam met die engele, die lewende wesens en die 24 ouderlinge voor Hom: "U IS WAARDIG, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U HET ALLES GESKAPE en DEUR U WIL BESTAAN HULLE en is hulle geskape." (Opb.4:11)